

# ST. ZITA

## 27 APRIL

(1218-1272)

Vandag word sy vereer as beskermheilige van huisbediendes. Sy is uit 'n armoedige gesin gebore by Monte Sagrati in Toskane, Italië. Op 12-jarige ouderdom begin sy as bediende werk by die ryk Fratinelli familie, wolhandelaars. Aanvanklik het die toewyding en vreugde waarmee sy haar daaglikse take verrig het, die ander huiswerkers geïrriteer. Gou het hulle haar egter leer liefkry. Uit die karige loon wat sy ontvang het, het sy elke week vir die dorp se armes kos gekoop. Sy het soveel blydskap uit haar werk en haar gebede geput dat ander daardeur besiel is om harder te werk en meer te bid. In 'n tyd toe gevangenes deur die samelewing verstoot is, het sy haar oor hulle ontferm en alles wat sy gehad het met hulle gedeel. Selfs gedurende haar aardse lewe het talle wonderwerke op haar voorspraak plaasgevind en haar medewerkers en dorpsgenote het haar as heilige erken.

© Die Oratorium Uitgewery